‘n Handboek oor

REGS-ENTITEITE

vir Kleinskaalvissers in Suid Afrika

This project is funded by the European Union

This project is implemented by Masifundise.

The views expressed in this publication do not necessarily reflect the views of the European Commission.

Inleiding

Na ‘n dekade-lange stryd was die progressiewe Kleinskaalse Vissers Beleid (SSFP) uiteindelik aangeneem, en die proses om die beleid te implementeer word nou begin.

‘n Belangrike element van die beleid het betrekking op die vestiging van Gemeenskapsgebaseerde Entiteite (CBLE’s). Die SSFP maak voorsiening daarvoor dat visvangsregte slegs aan kollektiewe groepe toegeken sal word deur middel van CBLE’s. Daar is verskeie modelle , maar die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye verkies Koöperatiewe.

In hierdie handboek, voorberei deur Masifundise Development Trust (MDT), en ondersteun deur die Europese Unie (EU), spel ons breedvoerig uit die verskeie vorme van entiteite, insluitende koöperatiewe.

Dit is ons wens dat die leser gebruik maak van die inligting om gemeenskappe te bemagtig en die doelwitte van die beleid ‘n werklikheid in ons daaglikse lewens maak.

Inhoud

Gemeenskapsgebaseerde Regsenteteite (CBLE) sleutel to nuwe belied 1-2

Soorte Regsentiteite 3-10

Die Kies van ‘n Kommersiële Regsentiteit 11-13

Die registreer van ‘n Gemeenskapsgebaseerde Regsentiteit 14-16

‘n Koöperatiewe Maatskappy as ‘n Gemeenskapsgebaseerde Regsentiteit 17-25

SlotSom 26

Credits:

Photographs: Paul Grendon

Layout, Design and Illustration: Brandan Reynolds

Printing: C2 Digital Print

Published in Cape Town in March 2016

Gemeenskapsgebaseerde Regsentiteite (CBLE) sleutel tot nuwe beleid

Die Kleinskaalvisvangbeleid (SSFP) verwag van vissersgemeenskappe om CBLE's aan wie gemeenskapsregte toevertrou sal word, te registreer. Dit beteken dat 'n reg deur 'n groep individue eerder as deur een individu besit sal word.

Vir vissers beteken dit dat hulle deel van 'n CBLE moet word om voordeel te kan trek uit en visvangregte deur die SSFP te kan kry. Die CBLE sal dit vir gemeenskappe, onderhewig aan die groep se reëls, moontlik maak om hul visvangregte kollektief te besit, te gebruik en te bestuur.

Om ‘n CBLE Regtehouer te word, moet jy eers:

1. Uit ‘n erkende kleinskaalvissersgemeenskap kom
2. Op die lys van geïdentifiseerde benoembare vissers wees
3. Deel van ‘n CBLE wees.

‘n CBLE is ‘n geregistreerde entiteit waardeur kleinskaalvissers deur die kleinskaalvisvangbeleid toegang tot regte sal kan kry.

CBLE’s kan baie vorms aanneem, byvoorbeeld DAFF stel voor dat gemeenskappe koöperasies (koöperatiewe maatskappye) vorm om toegang tot visvangregte te verkry, maar moet onthou dat dit slegs die voorkeur van die departement is, en nie wat deur die wet voorgeskryf word nie.

Masifundise neem hierdie feit in aanmerking, en in hierdie sakboekie gaan ons fokus op die moontlike wetlike aspekte wanneer ‘n wetsgebaseerde entiteit geregistreer word.

CBLE’s kan baie vorms aanneem, afhangend van die vissersgemeenskap waar dit geleë is. ‘n CBLE kan kommersieel of niekommersieel van aard wees. Kommersiële regsentiteite kan ‘n maatskappy, ‘n beslote korporasie, ‘n saketrust of ‘n koöperasie wees. Terwyl niekommersiële regsentiteite diegene is wat val onder die organisasies sonder winsoogmerk (soos ‘n liefdadigheidstrust), ‘n afdeling 21-maatskappy, ‘n gemeenskaplike-eiendom maatskappy of ‘n vrywillige maatskappy.



Soorte Regsentiteite

Die volgende afdelings beskryf die erkende tipes kommersiële en niekommersiële entiteite:

Kommersiële Entiteite

Daar is vier tipes regsentiteite wat vir kommersiële doeleindes gestig kan word, naamlik:

- ‘n Maatskappy;
- ‘n Beslote Korporasie;
- ‘n Koöperasie (Koöperatiewe Maatskappy);
- ‘n Besigheidstrust.



Maatskappy

Dit is ‘n vereniging van mense wat ekonomiese wins nastreef deur ‘n regsentiteit wat in terme van die Maatskappyewet geregistreer is. Daar is twee soort Maatskappye, naamlik Publieke (Ope) Maatskappye en Private Maatskappye. Publieke Maatskappye het meer as 50 aandeelhouers en kan kapitaal hef van, of hulle aandele aan die publiek verkoop, terwyl Private Maatskappye gewoonlik minder as 50 aandeelhouers het, en beperk word in die oordrag en verkoop van sy aandele.

Die Bestuur van die Maatskappy word gewoonlik aangestel, nie verkies nie, en die Bestuur hoef nie noodwendig aandeelhouers te wees nie. Van ‘n Maatskappy word vereis om ouditeure te hê en kopieë van sy finansiële state aan die Registrateur van Maatskappye voor te lê. ‘n Maatskappy het ewigdurende suksessie, wat beteken dat dit sal voortbestaan ook nadat sy lede nie meer daar is nie,

Die maklikste manier om ‘n Maatskappy te registreer, is om ‘n bestaande “rakmaatskappy” of “van-die-rak-af-maatskappy” (verwysend na ‘n maatskappy wat reeds geregistreer is maar nie handel dryf nie) te koop. As ‘n nuwe Maatskappy gevorm word, moet dit by die Registrateur van Maatskappy geregistreer word.



Beslote Korporasie

Close Corporations were introduced into South Africa in 1984 as a Beslote Korporasies is in 1984 in Suid-Afrika ingestel as ‘n eenvoudige, goedkoper en meer buigsame vorm van klein ondernemings bestaande uit ‘n enkele of klein aantal deelnemers om aan hulle die voordele van ‘n afsonderlike regspersoonlikheid te bied. Die Beslote Korporasie, of “BK”, is beperk tot nie meer nie as 10 persone wat ekonomiese voordeel nastreef deur ‘n regsentiteit wat in terme van die Wet op Beslote Korporasies geregistreer is.

‘n BK word dikwels, maar nie noodwendig nie, deur sy lede bestuur. Anders as met ‘n maatskappy, hoef ‘n BK nie sy finansiële verslae aan die Registrateur van Maatskappye voor te lê nie, en het dit ook nie ‘n ouditeur nodig nie. Dit is dus goedkoper om te bedryf.

Die maklikste manier om ‘n BK te vorm, is om ‘n bestaande “rak-BK” (dit verwys na ‘n BK wat geregistreer is maar nie handel dryf nie) te koop. In die geval van ‘n nuutgestigte BK moet dit by die Registrateur van Beslote Korporasies geregistreer word.

After the implementation of the new Companies Act (Act 71 of 2008) no CC can be registered and no conversions from Companies to CCs were allowed. However, existing CCs are allowed to be maintained.

Koöperasie (Koöperatiewe Maatskappy)

Die Koöperasie is in wese ‘n vereniging van mense wat ‘n Koöperasie in terme van die Wet op Koöperatiewe Maatskappye gevorm en geregistreer het.

Suid-Afrika het ‘n lang geskiedenis van Koöperatiewe organisasies. Hierdie Koöperasies sluit in:

• Koperskoöperasies: waar die koöperasie in grootmaat koop ten einde skaalbesparings te verkry;

• Produsente-koöperasies: waar ‘n produk gesamentlik geproduseer word ten einde op produksiekoste te bespaar;

• Bemarkingskoöperasies: waar mense individueel produseer, maar die produk gesamentlik bemark ten einde op bemarkingskoste te bespaar.

Koöperasies word gewoonlik kollektief bestuur, en individue kan aanspreeklik gehou word vir die skuld van die Koöperasie.

Registrasie van ‘n Koöperasie word gedoen deur die Registrateur van Koöperatiewe Maatskappye.

Besigheidstrust

'n Besigheidstrust is die ooreenkoms waardeur eiendom of 'n reg op eiendom aan 'n ander persoon of persone, die trustees, oorgedra word om geadministreer te word volgens die voorwaardes van die trustinstrument (trustakte) tot voordeel van die persoon (persone) wat in die trustakte aangewys word.

In 'n Besigheidstrust beskerm en bestuur die trustee(s) nie bloot die trustbates nie, maar gebruik dit tot voordeel van die begunstigdes of om die doelwitte van die Trust te bevorder. In die geval van Besigheidstrusts besit begunstigdes nie trusteiendom of -aandele nie, maar verkry 'n "voordelige belang" in die Trust. Ten einde voorsiening te maak vir die verhandelbaarheid van hierdie belang, word die voordelige belang in eenhede opgedeel, wat dan aan elke begunstigde toegewys word.

Soos 'n Maatskappy, kan 'n Trust ook privaat of publiek wees. In die geval van 'n Private Trust moet die begunstigdes van die Trust beperk word, bv. tot lede van 'n bepaalde gemeenskap. Hierdie beperkte verhandelbaarheid stel die Trust vry van voldoening aan die vereistes van die Wet op die Beheer van Eenheidstrusts.

'n Trust is gewoonlik nie onderhewig aan die reëls wat Maatskappye bind nie. Registrasie van 'n Besigheidstrust word gedoen met die Meester van die Hooggeregshof. 'n Prokureur kan aangestel word om die trustakte op te stel en by die Hooggeregshof in te dien.

Niekommersiële Entiteite

Alle niekommersiële organisasies kan aansoek doen om as organisasies sonder winsoogmerk in terme van die Wet op Organisasies sonder Winsoogmerk no.71 van 1997 geregistreer te word. Dit beteken dat hulle vrygestel sal wees van inkomstebelasting, en as hulle geld van die publiek hef in die vorm van donasies, hulle nie skenkingsbelasting hoef te betaal nie.

Indien sodanige entiteit geklassifiseer word as synde in openbare belang, kan dit die reg verkry van die Ontvanger van Inkomste om afdeling 18.a. belastingsertifikate uit te reik.

Dit beteken dat mense/organisasies wat ‘n skenking aan die entiteit maak, dit as belastingkortingsuitgawe kan eis.

Daar is vier belangrike niekommersiële regsentiteite, naamlik:

- ‘n Afdeling 21 Maatskappy;
- ‘n Liefdadigheidstrust;
- ‘n Vrywillige Assosiasie;
- ‘n Vereniging van Gemeenskaplike Eiendom.

Afdeling 21-maatskappy

Dit verwys na 'n Maatskappy geregistreer in terme van Afdeling 21 in terme van die Wet op Maatskappye, wat nie sy besigheid bedryf vir kommersiële gewin nie, maar vir die bevordering van kulturele, godsdienstige en ontspanningsdoeleindes.

Registrasie word gedoen deur die indien van die stigtingsdokumente by die Registrateur van Maatskappye.

Liefdadigheidstrust

Dit is ‘n spesiale vorm van Trust, wat geskep word wanneer eiendom oorhandig word aan trustees om te bestuur vir liefdadigheids- en nie besigheidsdoeleindes nie. Registrasie is dieselfde as vir ‘n Besigheidstrust.

Vrywillige Assosiasie

Dit verwys na ‘n groep wat hulself in ‘n entiteit met ‘n grondwet georganiseer het, maar wat nie ‘n kommersiële doelwit het nie. Tipiese voorbeelde is sportklubs en kerke. Geen formaliteite (soos registrasie) is nodig om ‘n Vrywillige Assosiasie te vorm nie, en dit is dus goedkoop om te vorm en te bestuur. Vrywillige Assosiasies word gewoonlik bestuur deur ‘n komitee wat deur die lede verkies word.

Vereniging van Gemeenskaplike Eiendom (CPA)

Dit is ‘n organisasie van mense wat grond kommunaal wil besit en geregistreer word in terme van die Wet op Verenigings vir Gemeenskaplike Eiendom. ‘n CPA se hoofdoelwit moet wees die gemeenskaplike besit van eiendom. ‘n CPA is ‘n regsentiteit met die kapasiteit om te dagvaar en gedagvaar te word, en mag regte en verpligtings in sy eie naam uitreik. Soos ‘n Maatskappy het ‘n CPA ewigdurende opeenvolging.

‘n CPA word bestuur deur ‘n komitee verkies deur sy lede. ‘n CPA moet sekere dokumente, soos notules van Jaarvergaderings, beskikbaar stel aan die Direkteur-Generaal van Grondsake. Eiendom van die CPA mag nie sonder die toestemming van die meerderheid van sy lede verhandel word of andersins verskuldig word sonder die toestemming van die meerderheid van die lede nie, en indien nie daaraan voldoen word nie, kan ‘n sodanige verhandeling nietig verklaar word. ‘n CPA moet geregistreer word by die Departement van Grondsake (DGS) en word gewoonlik deur die DGS georganiseer.

Die Kies van ‘n Kommersiële Regsentiteit

Maatskappye, BK’s en Trusts is almal baie buigsame entiteite wat opgebou kan word om dieselfde funksie te vervul. Hoewel nóg die lede nóg die bestuur van enige van hulle vir skulde aanspreeklik is, is die grootste verskil tussen hierdie regsentiteite dat ‘n Trust nie ‘n regsentiteit in eie reg is nie. ‘n Trust mag dit soms moeiliker vind om leningsfinansiering by kommersiële banke te kry, aangesien hulle in die geval van ‘n wanbetaling aparte kennisgewings aan al die trustees moet stuur.

Soos genoem in afdeling 4.3.1, mag Publieke Maatskappye kapitaal verkry van die algemene publiek en aandele aan die algemene publiek verkoop. As gevolg hiervan is hulle nie geskik vir gemeenskapsgebaseerde bosbou-ondernemings nie. Private Maatskappye, daarteenoor, kan ‘n geskikte entiteit wees solank daar ‘n kommersiële doel gekoppel aan die bosbougebruik is, en niewerknemerslidmaatskap minder as 50 is. ‘n Maatskappy kan “van die rak af” gekoop word, wat die koste en tyd om dit geregistreer te kry, verminder.



In die geval van ‘n BK is die enigste beperkings vir die vorming van sodanige entiteit die aantal deelnemers (‘n maksimum ledetal van 10 persone) en die aard van die lede (hulle moet natuurlike persone wees). Dus kan, vir bosboubenuttingsprojekte wat minder as 10 persone behels, Beslote Korporasies gebruik word. Hierdie soort regsentiteit is veral geskik in die geval van kleinsake-ondernemings. Soos met Maatskappye, kan ‘n “rak-BK” gekoop word, wat dan registrasiekoste en tyd verminder.

‘n Private Besigheidstrust het beperkings waar dit sy begunstigdes aangaan. Dit is ‘n voordeel vir ‘n groep of gemeenskap wat die bos wil gebruik, aangesien die Trust dan vrygestel word van die verpligtings om aan die Wet op Effektetrustbeheer te voldoen.

Dit beteken ‘n besparing op kostes en administrasie. ‘n Trust betaal ook nie inkomstebelasting op voordele wat aan begunstigdes uitgereik word nie, terwyl begunstigdes op hulle eie toepaslike skale belas word. Dus kan lede van plattelandse gemeenskappe, wat gewoonlik in baie lae inkomstebelastingkategorieë val, inkomste ontvang uit die Trust sonder dat die inkomste eers deur inkomstebelasting verminder is.

Koöperasies is gewild onder egalistiese gemeenskappe, waar die groot klem lê op saamwerk, en individuele dryfvere beskou word as ‘n laer prioriteit as die beskerming wat deur die groep gebied word.

Hoewel, sou ‘n Koöperasie misluk, kan die individue persoonlik verantwoordelik gehou word. In die bosboukonteks is Koöperasies geskik vir kommersiële ondernemings onder kleiner verbruikersgroepe of sake-ondernemings wat hoë vlakke van interpersoonlike vertroue het, aangesien dit gewoonlik moeilik is vir ‘n Koöperasie om finansiële lenings te kry, waar daar geen behoefte aan eksterne befondsing is nie.

Die Kies van ‘n Niekommersiële Regsentiteit

Die keuse van ‘n regsentiteit vir niekommersiële gebruik sal afhang van of die groep beplan om aansoek te doen om befondsing uit ‘n eksterne bron. Groepe wil dikwels aansoek om befondsing van befondsings-/skenkingsorganisasies, en hierdie skenkers mag hul eie vereistes hê vir die tipe regsentiteit waarby hulle betrokke wil raak.

Of, alternatiewelik, wil groepe nie enige befondsing of toewysing hê nie, maar wil slegs hulle hulpbron beskerm en sekuriteit van regte en looptyd hê. In sodanige geval sal daar nie eksterne druk op die aard van die regsentiteit wees nie.

Die Vrywillige Assosiasie is die eenvoudigste vorm van regsentiteit. ‘n Vrywillige Assosiasie kan die mees toepaslike regsentiteit wees in gevalle soos ‘n stapklub of ‘n botanievereniging, wat nie enige bos-bouprodukte sal onttrek of enige kommersiële doelwitte sal hê nie.

Waar die voordele van die aktiwiteit gemik is op die gemeenskap in die algemeen, is ‘n Afdeling 21-maatskappy meer toepaslik, terwyl ‘n Liefdadigheidstrust die mees geskikte is wanneer die begunstigdes maklik identifiseerbaar is en interne kontrole kan toepas oor die aktiwiteite en opbrengste. Afdeling 21-maatskappye word geregistreer by die Registrateur van Maatskappye, terwyl Trusts by die Meester van die Hooggeregshof geregistreer moet word.

‘n Gemeenskaplike Eiendom Vereniging (CPA) kan ‘n geskikte entiteit wees vir grondhervoming en landbouprojekte, veral waar grondregte vir groepe eerder as individue bekom moet word, en vir hierdie doel ontwerp is. Sy besluitnemingsprosesse vereis deelname deur alle lede van die CPA maar, hoewel demokraties, kan dit te lomp wees om dringende besigheidsbesluite doeltreffend te hanteer.



Die registreer van ‘n Gemeenskapsgebaseerde Regsentiteit

Volgens die Doing Business Project, kan diegene wat probeer om ‘n nuwe regsentiteit in Suid-Afrika te inkorporeer en te registreer, voor baie burokratiese en wetlike struikelblokke te staan mag kom.

Hulle het die prosedures, tyd en koste betrokke by die bekendstel van ‘n kommersiële of industriële firma met tussen 10 en 50 werknemers geïdentifiseer.

Hieronder is, volgens die Doing Business Project, ‘n 6-stap regs- en burokratiese prosedure vir die registreer van regsentiteite in Suid-Afrika.

1. **Registreer by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC)**

‘n Entrepreneur het 4 verskillende maniere om ‘n maatskappy by CIPC te registreer. Die algemeenste vorm van registrasie, wat deur die Begin ‘n Besigheid-aanduider (Starting a Business) getel word, is deur die CIPC-webblad (www.cipc.co.za). Registrasie kan ook gedoen word by die selfhelp-terminale geleë in Pretoria, Johannesburg en Kaapstad; by sommige banktakke (FNB tot dusver); en per e-pos.

Om die maatskappy aanlyn te registreer, moet die entrepreneur as ‘n kliënt op die CIPC-webblad (www.cipc.co.za) registreer.

2. **Registreer by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC)**

Ten einde 'n bankrekening oop te maak, moet die applikant bewys van die direkteur se identiteit en ook die oorspronklike maatskappydokumente indien. Hierdie prosedure kan in die praktyk langer neem indien die vereiste dokumente soos per Ken-jou-kliënt-vereistes (Know your customer (KYC)) in die Wet op die Finansiële Intelligensiesentrum No. 38 van 2001 nie in orde is nie.

3. **Registreer vir inkomstebelasting en weerhouding van belasting (PAYE, UIF en SDL) by die Suid-Afrikaans Inkomstediens (SAID/SARS)**

Die CIPC en SARS is elektronies gekoppel. Wanneer die entrepreneur 'n SARS-tak besoek om vir inkomstebelasting te registreer, roep SARS die inligting op wat voor die tyd gedurende prosedure 1 deur die entrepreneur aan die CIPC verskaf is. Die entrepreneur moet steeds die SARS-kantoor besoek vir:

a) Registrasie van inkomstebelasting.

b) Registrasie van Werknemersbelasting (pay as you earn (PAYE)), Werkloosheidsversekeringsfonds (WVF/UIF) en Vaardigheidsontwikkelingsheffing (Skills Development Levy (SDL)):

Die entrepreneur moet die EMP 101e-vorm wat aanlyn of by die plaaslike SARS-kantoor beskikbaar is, indien. Registrasie vind onmiddellik plaas en kan aanlyn of by die tak gedoen word.

4. **Registreer vir BTW by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID/SARS)**

Besighede met ‘n jaarlikse belasbare inkomste van meer as ZAR 1,000,000 moet vir BTW registreer. Die aansoek vir die registrasie van BTW word gedoen op ‘n BTW 101-vorm. BTW-registrasie kan van 1 tot 21 werksdae neem, afhangend van die risikovlak wat deur die SAID aan die maatskappy toegeken word. Die risikovlak word geassesseer gebaseer op verskillende veranderlikes soos maatskappy-aktiwiteit, omset en niestrydigheid van die inligting wat verskaf is

5. **Registreer die maatskappy by die Werkloosheidversekeringsfonds (WVF/UIF)**

Volgens die Wet op Werkloosheidsversekering en die Wet op Werkloosheidversekeringsbydraes moet alle werknemers wat meer as 24 uur per maand werk, by die WVF geregistreer word. Die werkgewer is aanspreeklik vir die registrasie van die werknemers.

6. **Registreer by die Kommissaris in nakoming van die Wet op die Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes.**

Volgens die Wet op die Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes 130/1993 gewysig in 1997, is die werknemer verantwoordelik vir die registrasie van werknemers by die Vergoedingsfonds.

Registrasievorms kan verkry word van die Departement van Arbeid se webblad (www.labour.gov.za). Aanlynregistrasie bestaan egter nie, en dit moet persoonlik gedoen word.

‘n Koöperatiewe Maatskappy as ‘n Gemeenskapsgebaseerde Regsentiteit

‘n Groot aantal mense in Suid-Afrika is deel van die informele ekonomie of is andersins sosiaal, ekonomies en polities uitgesluit van die voordele van ontwikkeling. Koöperasies speel ‘n groeiende en beduidende rol om hierdie mense te help om oplossings te vind vir hoe om uit armoede te ontsnap deur te put uit hul eie vindingrykheid, kennis en sterk punte. Koöperasies dra by tot die ontwikkeling van die plaaslike ekonomieë waar die armes leef deur middel van hulle unieke en sterk skakelings met die gemeenskap.

Hulle maak dit vir arm mense moontlik om hulle stemme te laat hoor en help hulle boonop om hulle daaglikse werk- en leefomstandighede te verbeter. Omdat koöperasies demokratiese organisasies is en in besit van diegene wat hulle dienste gebruik, is koöperasies die ideale instrument om die armes te bemagtig. Hulle is deelnemend, simpatiek teenoor plaaslike behoeftes, en in staat om gemeenskappe te mobiliseer en besonder weerlose groepe mense te help.

Wat nie vir die individu moontlik is nie, is moontlik vir baie mense wat saamwerk!

Die nasionale en provinsiale regering bevorder koöperasies as ‘n tipe besigheidsentiteit en ‘n manier om informele ekonomiese rolspelers betrokke te kry en voordeel te kan trek uit die formele ekonomie. In Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (PEO/LED) is die fokus daarop om koöperasies te ontwikkel wat koopkrag saamvoeg en geleenthede vir kollektiewe bemarking genereer.

1. Wat is ‘n koöperasie (koöperatiewe maatskappy)?

Definisie: 1

Die Internasionale Koöperatiewe Alliansie (2007) definieer ‘n koöperasie as ‘n outonome assosiasie van mense wat vrywillig saamwerk om in hulle gemeenskaplike ekonomiese, maatskaplike en kulturele behoeftes en aspirasies te voorsien deur middel van ‘n onderneming wat gesamentlik besit en demokraties bestuur word. Koöperasies word gewoonlik gesien as óf ‘n landboukundige vorm van besigheid óf ‘n staatsgedrewe welsynsingryping.

Definisie: 2

‘n Koöperasie is ‘n onafhanklike vereniging van mense wat kragte saamsnoer om te voorsien in hulle ekonomiese, maatskaplike en kulturele behoeftes en aspirasies deur ‘n onderneming wat gesamentlik besit en demokraties bestuur en georganiseer word, en wat op koöperatiewe beginsels bedryf word.

Die koöperasie verskaf dienste en produkte aan sy lede. Winste, in ‘n koöperasie bekend as surplusse, word verdeel onder lede in verhouding tot die hoeveelheid besigheid wat elke lid met die koöperasie gedoen het.

.

2. Wat is die kenmerke van ‘n koöperasie?

Dit is ‘n vereniging van mense

Lidmaatskap is vrywillig

Onderlinge of gemeenskaplike ekonomiese, maatskaplike en kulturele behoeftes

Gesamentlik besit en demokraties deur die lede beheer

Werk volgens die Koöperasie se beginsels



3. Wat is die beginsels van die koöperasies?

Demokratiese beheer van lede

Vrywillige en oop lidmaatskap

Outonomie en onafhanklikheid

Opvoedkundige opleiding en inligting

Samewerking tussen koöperasies

Besorgdheid oor die gemeenskap

Ekonomiese deelname van lede

4. Wat is die voordele?

Bereik wat jy nie op jou eie kan bereik nie

Bied maklike toegang tot dienste wat benodig word

Deur hulpmiddele bymekaar te gooi, betaal elke lid minder vir insette, bemarking, verspreiding en verkoop van produkte

Prosesseer produkte indien nodig

5. Hoe begin ‘n mens ‘n koöperasie?

STIGTING: HOU ‘N VERGADERING OM VAS TE STEL OF DAAR GENOEG BELANGSTELLING IN DIE VOORGESTELDE PROJEK IS

Die Voorsitter lees deel van die besigheidsplan wat die doelwitte en doelstellings, asook die besigheidsprojekte, aan almal wat by die stigtingsvergadering teenwoordig is, uiteensit.

Beantwoord al die vrae wat opduik

Nooi almal om aan te sluit

Diegene wat belangstel moet ‘n Aansoekvorm om Lidmaatskap kry om te voltooi

Diegene wat die Aansoekvorms vir Lidmaatskap voltooi het, kies dan die Direksie

Die koöperasie is nou wettig gevorm

STIGTING: HOU ‘N STIGTINGSVERGADERING

Identifiseer die doelwitte (Presies wat die koöperasie wil doen)

Toerusting, gebou, en ander materiale benodig in die onderneming

Finansiële vereistes (Hoe gaan jy dit bekom?)

Perseel (Waar die koöperasie geleë sal wees)

Kies ‘n dagbestuur vir die doel om die stigtingsproses verder te stuur

Stel ‘n aanvanklike plan van werksaamhede op

Kry ‘n grondwet (wet) wat die prosedures wat gevolg moet word deur die koöperasie in die uitvoering van sy doelwitte en doelstellings, sal uiteensit.

STIGTING: Die Proses Verder

Eerste vergadering van die direksie

Registrasieproses

Voltooiing van registrasievorms & grondwet

Dien dokumente by die Registrateur van Koöperatiewe Maatskappye in vir oorweging

Sertifikaat van Registrasie

Geregistreerde grondwet

Kom aan die gang!

6. Wie kan 'n lid wees?

Enige iemand wat 'n lidmaatskapskapsvorm voltooi het

Enige iemand wat dieselfde belangstellings in die groep (koöperatief) deel

Enige persoon bo die ouderdom van agtien

Daar is verskillende vorms wat by die Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom (CIPC) ingedien moet word om jou Koöperasie te kan registreer. Vir hierdie inligting kan jy die Koöperatiewe-kategorie op die CIPC-webblad besoek.

Kritiese Suksesfaktore

Ten einde suksesvol te kan wees, benodig koöperasies die volgende interne fundamentele voorwaardes:

1. ‘n Groep mense moet die begeerte hê om ‘n gemeenskaplike probleem op te los
2. Daar moet minstens een persoon met leierskapsvermoëns in die groep wees
3. Die koöperasie moet tasbare voordele vir die lede produseer
4. Die koöperasie moet dinamiese bestuurders hê wat besigheidsbeleide kan implementeer. ‘n Bestuurstruktuur wat die vermoëns van die lede reflekteer, moet in plek wees
5. Die voordele van lidmaatskap moet swaarder weeg as die koste van lidmaatskapverpligtinge



Ten einde suksesvolle koöperasies te laat werk, benodig ‘n mens die volgende eksterne toestande:

1. Daar moet ‘n gunstige klimaat vir koöperatiewe werk wees
2. In werking stellende wetgewing wat outonomie verleen om die verordeninge van elke koöperatiewe vereniging by die wense en behoeftes van sy lede aan te pas, moet in plek wees
3. n Belastingstelsel vir koöperasies wat hulle spesiale behoeftes in ag neem, moet voorsien word
4. Geduld is noodsaaklik. Om te probeer om die ontwikkelingsproses kunsmatig te versnel deur ‘n inspuiting van eksterne fondse, lei gewoonlik tot kortstondige groei gevolg deur ineenstorting nadat eksterne hulp tot ‘n einde gekom het.



SlotSom

Die SSF-beleid lê die grondslag vir ‘n breuk met die verlede en ‘n nuwe begin van bemagtigde visvanggemeenskappe. Die behoorlike implementering gaan noodsaaklik wees en hang af van die verenigde, visioenêre en ingeligte gemeenskappe.

Bespreek en debatteer die inhoud van hierdie publikasie en deel dit met ander. Soos ons weet , kennis is mag.

Kom ons werk saam om te verseker dat die beleid ‘n uitgeleefde werklikheid in ons daaglikse lewens word.

Verwysing:

1. http://southafrica.smetoolkit.org/sa/en/content/en/7708/A-Co-operative-as-a-business-entity
2. http://www.doingbusiness.org/data/exploreeconomies/south-africa/starting-a-business
3. http://www.nortonrosefulbright.com/files/za-a-guide-to-doing-business-in-south-africa-pdf-112673.pdf
4. Legal Option for community partnership with DWAF Forestry Department of Water Affairs and Forestry 2005
5. Why the Community Based Right, Wilmien Wicomb, 2015
6. http://led.co.za/topic/cooperatives
7. http://southafrica.smetoolkit.org/sa/en/content/en/7708/A-Co-operative-as-a-business-entity

This project is supported by the EU

Masifundise Development Trust
Tel: 021 685 4549
E-mail: infocom@masifundise.org.za
Facebook: Masifundise Development trust
Twitter: MasifundiseDT
Website:www.masifundise.org.za
1 Station Road Mowbray,
Cape Town, ZA

This project is funded by the European Union

This project is implemented by Masifundise.

The views expressed in this publication do not necessarily reflect the views of the European Commission.